
PLUS CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIV NOMMER 14 1 JUNIE 1979

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
* * * * *
Skoonheidsmiddels
* * * * *
Geskenke

**EKSAMENUITGAWE**



*Die massas het in minderhede opgedaag vir 'n muis van 'n monstervergadering - Foto: Paul Prinsloo.*

# Massa vergader flou



*Mnr Pieter Fourie stel sy danspunt. - Foto : Paul Prinsloo.*

**Die omstrede dansmosie wat onlangs deur die SSR aanvaar is, het die meeste bespreking ontlok op die monster vergadering wat op Maandagaand 20 Mei gehou is. Die vergadering is so power bygewoon dat daar nie 'n kworum (300 studente) teenwoordig was nie.**

Daar is ook aandag gegee aan die veranderinge in die SSR se konstitusionele stukke, die nuwe bedeling met betrekking tot PU-sport, die studentesentrum, die komende ASB-kongres en die politiese betrokkenheid van die SSR.

'n Hewige debat is gevoer oor onder andere die ondersoek wat oor dans en ontspanningsgeleenthede gedoen is, die toesighouding by dansgeleenthede, prinsipiële besware teen dans as gevolg van die omringende sondes wat daarmee gepaard gaan en die danse wat op die oomblik deur studente bygewoon word. Die debat is gekenmerk deur 'n antagonisme van die kant van die studente wat pro-dans is teenoor die minderheidsgroep wat dit teengestaan het. Onsmaaklike tussenwerpsels van eersgenoemde se kant het hul saak verswak.

In die bespreking oor die politiese betrokkenheid van die SSR het mnr. Johan Victor gesê die massa is nutteloos aangesien hulle net aan "socials" dink. Volgens hom behoort die Studenteraad nie voort te gaan om as verteenwoordigers van die massa op te tree nie. Daar is ook gesê dat die SSR die student polities moet stimuleer.

Mnr. Eloff het 'n beroep op die studente gedoen om hulle nie aan wangedrag skuldig te maak tydens Intervarsities nie en veral hulle samewerking gevra vir die Intervarsity teen Kovsies. Hy het ook gesê dat die PU se kampusgees nog altyd onoortroffe was en dat dit iets is waaraan elke student moet werk.



*'n Tjek van R350 is op 14 Mei deur mnr. Links van die Bult Garage aan mnr. Theuns Eloff as 'n welwillendheidsgebaar oorhandig. - Foto: Thys Hart.*

# Kort nuus

## Magersfontein

Op Maandag 4 Junie word 'n byeenkoms gehou na aanleiding van die onlangse bekroning van **Magersfontein, O Magersfontein!** Die tema is "Norme vir literêre kritiek" en proff. T.T. Cloete, M.J.H. du Plessis en Dr. C.J. Malan sal as gespreksvoerders optree.

Die byeenkoms word om 19h30 om die Geografiesaal gehou en word deur die plaaslike werkgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aangebied.

## Sakboekie '80

Mej. Irma Jansen van Rensenburg is die nuwe redaktrise van die PUK-sakboekie.

## Woordbouwenner haar motor kwyt

Die uitslag van die Woordboukompetisie is verkeerd bekendgemaak. Mario Smith, konvenor van die Woordboukompetisie, het verkeerd opgetel en sy fout agtergekom nadat die uitslag van die kompetisie reeds bekend gemaak is.

Mev. Hoogenboesem van Nylstroom, wat reeds in kennis gestel is dat sy gewen het is nou die tweede prys aangebied en die wenner van die Woordboukompetisie is Piet Lourens.

Om die saak reg te stel het mnre Jan Botha en Mario Smith na Nylstroom gery en mev. Hoogenboesem persoonlik gaan spreek.

## BUS NA JOSEPH

Daar is 'n bus gereel na **Joseph and his amazing tecnicolour dreamcoat** op Saterdag 16 Junie in die Johannesburgse Stadskouburg. Die koste is R6.50. Die skietlys open Maandag 28 Mei en is oop tot Woensdag 6 Junie.

## ASB-KONGRES

Die ASB se 31st Bondskongres word vanjaar van 9 tot 12 Julie op Stellenbosch se kampus aangebied. Die SSR wag op die oomblik inskrywings in van PUKKE wat as waarnemers wil saamgaan. Daar is 'n beperkte hoeveelheid sitplekke beskikbaar en daar word 'n beroep op studente gedoen om hulle inskrywings vroeg in Junie te doen.

Die kongresfooi sal ongeveer R25 beloop en studente sal met busse vanaf die kampus vervoer word vir 'n verdere R25.

Min. P. Koornhof, min. B. Raubenheimer en Dr. Bergins asook Mnr. G. MaKintosch en Prof. G. Viljoen sal as sprekers optree.

## ISAP-seminaar

"Die invloed van die tegnologie" is die tweede voordrag in 'n reeks met die tema "Suid-Afrikaanse staatkundige toekoms" Die seminaarbyeenkoms word op Woensdag 6 Junie om 19h30 in die Psigologie-gebou aangebied.

Prof. Rias J. van Wyk, waarnemende direkteur: Eenheid vir Toekomsnavorsing, tree as spreker op.

## Broseksamen

Bros word op 25 Junie om 19h00 geskryf. Behalwe eerstejaars kan almal wat daarin belangstel om PU kleure te dra die eksamen aflê. Die brosboek sal teen R1,30 verkoop word. Geldpryse sal aan die koshuise wat die beste gevaar het toegeken word.

## Natuurwetenskappe hou konferensie

'n Natuurwetenskapkonferensie word op 28 Julie 1979 by die PU vir CHO gehou met die tema: **Energie, die verkryging, verspreiding en aanwending daarvan in fisiese, chemiese en biologiese wetenskappe.**

Proff. van Wyk en Dekker, onderskeidelik hoogleraars in die Departemente Plantkunde en Chemie aan die PU sal as sprekers optree.

## SABRA ASB toer

Inskrywings vir die SABRA ASB-studentetoer na die tuislande moet voor 16 Junie by die SSR-kantoor gedoen word. Slegs 16 studente kan saamgaan en die koste beloop R30 per persoon. Die toergeselskap vertrek op 16 Julie om 05h00 vanaf Pretoria.

## Besembos

André Howard is die redakteur en Jaco Pretorius assistenredakteur van Die Besembos van 1979. André Howard is ook die 1980-Pukkie redakteur.

## Kunsuitstalling

Werke van Jeanette Dykman, Gabriel de Jongh, Otto Klar, Gian Piero Garizio, Carlo Sdoya, Tugwell, Dirk Meerkotter e.a. word van 19 tot 22 Junie uitgestal in die Totiussaal.

## Sendingberaad

'n Sendingberaad oor die roeping van wit en swart Christene in Suid-Afrika ten opsigte van materiële besittings word gehou op Vrydagaand 1 Junie om 19h30 in die Gereformeerde Kerk, Krugersdorp.

Dr. Klaus Nürenberger van die Teologiese Seminarium van die Lutherse Kerk te Maphumulo, sal as spreker optree.



*Agter v.l.n.r.: Arnold Smit (Stimilus); Francois Steyn (Kursusaanbieder); Gerhard Viljoen (Die Naguil); Dirk van Heerden (Die Wapad); André Howard (Die Wapad); Albert Hoffmann (Sekretaris); Thomas Kruger (Die Wapad)*

*Voor v.l.n.r.: Gerrie Snyman (Heraut-Red.); Deon Swanepoel (Die Perdeby-Red.) Talita Bosshoff (Dokkieblad-Red.); Jan Kroeze (Voorsitter ASPU; Die Wapad-Red.) Yohlene Oosthuizen (Kataris-Red.); Louis Conradie (Die Naguil-Red.) het die Bestuursopleiding Seminaar op die UP-buitemuurs kampus bygewoon. (1979-05-17)*

die WAPAD

# ASBEELD WEERSPIEËL DUALISTIESE POLITIEKE SIENING

**Die kwaliteit van die studiestuk van die ASB het na die eerste twee puik uitgawes onderskeidelik oor Kruispad en rassisme, drasties afgeneem.**

Die nuutste ASBeeld oor identiteit is, om die minste te sê, flou, en weerspieël 'n dualistiese en sleg begronde politiese siening.

Verskillende kenmerke wat op die randgebied van identiteit lê, word genoem. Na my mening moes ras ook hier genoem word ás dit enigsins as 'n kenmerk van identiteit beskou kan word: uit die verband is dit egter duidelik dat die skrywers kleur as 'n definitiewe kenmerk van identiteit beskou.

Die Bybel praat altyd duidelik oor verskillende volke - dat andersheid erken word, word byvoorbeeld bewys deur die feit dat by die uitstorting van die Heilige Gees almal die evangelie in hulle eie taal gehoor het. Die feite gee 'n aanduiding dat ras nie 'n kenmerk van identiteit is nie. Op die meeste kan dit 'n minder belangrike kenmerk daarvan wees.

Die dualistiese politieke siening wat so kenmerkend aan die Suid-Afrikaanse denke is, word verder weerspieël deur die indeling van identiteite: swart volkere, bruin volkere (dit is beide rasse) en dan op dieselfde vlak - Indiërs - 'n volk! Só word die begrippe, volk en ras, dikwels deurmekaar gegooi tot voordeel van die blankes. Dit is, om die minste te sê, blatante diskriminasie.

'n Verdere bewys dat ras nie bepalend vir identiteit is nie, sien ons - miskien in 'n mate - in Amerika, waar baie Negers heeltemal Westers is. Die Afrikaner-Kleurling verskil slegs in kleur van die Afrikaner-blanke. En hier is kleur net so irrelevant as dié van 'n bruin en wit worshond. Die stelling in die studiestuk dat die Afrikaner onherroeplik aan Afrika as inheemse blanke groep gebonde is, is dus verkeerd.

Die tipiese meerderwaardige houding onder die meerderheid Afrikaners word weerspieël deur die houding dat **ons** ander volksgroepe moet ophef. Is alle mense nie voor God gelyk nie?

Die studiestuk trek ook 'n té sekere lyn tussen identiteit en 'n eie politieke bestel - so byvoorbeeld vir die Indiërs. Selfs in Suid-Afrika woon verskillende volkere (Engelse, Afrikaners, Duitsers ensovoorts) in een politieke bestel saam - en dit werk goed!

Die voorstaan van Suid-Afrikanerskap ten koste van Afrikanerskap word as naïef voorgehou. Is dié mening wat al hoe meer posvat, nie juis 'n aanduiding dat die Afrikaner ryp vir verandering is nie? Die skrywers wil ook die gemeenskaplike lojaliteite "uitbuit" - 'n negatiewe houding of ten minste 'n ongelukkige woordkeuse.

ASBeeld is 'n forum wat gesprekke moet stimuleer - daarom kan 'n mens nie die ASB veroordeel vir die tipiese Afrikanerdenke nie. Maar hoe só iets mense positief moet stimuleer . . .



*Mnr. Theuns Eloff president van die ASB en voorsitter van die SSR van die P.U. vir CHO - Foto Paul Prinsloo*

# ASB verdoem "muilbandwet"

**Die ASB-hoofbestuur het hom uitgespreek teen die sogenaamde muilbandwet tydens die ASB-hoofbestuurvergadering die afgelope naweek.**

**Die ongewone uitbreiding van die advokaat-generaal se magte kan volgens die ASB die indruk wek dat moontlike ongerymdhede in die regeringsadministrasie toegesmeer word.**

Die mosie wat die uitsprake maak, lui verder dat die ASB besef die foutiewe publikasie van wanadministrasie kan 'n verkeerde beeld binne- en buitelands skep.

Die uitsprake van die Eerste Minister oor 'n skoon landsadministrasie en die ombudsman-taak van die advokaat-generaal is verwelkom.

Dié mosie is deur mnr. Jan-Louis du Plooy ingedien en is daarna aanvaar.

# ONTUGWET IS SLEG, BEGINSEL REG

**Die meerderheid van die lede van die ASB-hoofbestuur het teen 'n mosie gestem wat die beginsel, onderliggend aan die Wet op die verbod van Gemengde Huwelike en die Ontugwet (artikel 16), verwerp.**

Dié beginsel hou, volgens die mosie, een ras as meerderwaardig teenoor 'n ander voor, en het 'n rassebenadering tot 'n volkeresituasie as grondslag. Dié beginsel handhaaf identiteite deur wette, lei tot die aantasting van menswaardigheid, en ignoreer die Skrifbeginsel van geloofsonderskeid, volgens die mosie.

Die mosie is afgestem ten spyte van 'n deeglike verslag wat uitgewerk is om die mosie te motiveer. Mnr. Jan-Louis du Plooy het die grootste deel van die verslag uitgewerk. Verskeie ASB-hoofbestuurslede het gesê dat die verslag puik is, maar tog teen die mosie gestem.

Mnr. Du Plooy se verslag gee 'n uiteensetting van die historiese agtergrond van die huidige gevoelens oor die twee huwelikswette. Ná 'n prinsipiële beskouing kom mnr. Du Plooy tot die konklusie dat die wet op die verbod van gemengde huwelike liefs afgeskaf moet word, en alle ontug, ook tussen lede van dieselfde rassegroep, strafbaar gemaak moet word.

In 'n ander mosie vra die ASB dat dié twee wette afgeskaf moet word, indien moontlik. Die regering is versoek om ondersoek in te stel na die moontlikheid van só 'n stap, die gevolge en praktyksaanpassings daarvan.

# Nedbank gee dalk studente-voordelekaart

**'n Omvattende studentevoordelekaart wat verskeie kredietfasiliteite inhou, sal moontlik in September deur Nedbank beskikbaar gestel word.**

Dié kaart sal dan die huidige plaaslike studentevoordele van onderskeie ASB-kampusse sentraliseer en dus meebring dat byvoorbeeld PU-studente ook in Pretoria afslag by 'n verskeidenheid winkels sal kan bekom.

# ASBeeld fokus op identiteit

**Identiteit is die titel van die nuutste ASBeeld, 'n gereelde studiestuk van die ASB. Dit bespreek die kenmerke van identiteit en die bedreiginge vir Afrikaner-identiteit. Hoewel dit nie duidelik gesê word nie, word ras as 'n definitiewe kenmerk van identiteit gesien.**

"Die Afrikaner is onherroeplik aan Afrika gebonde as inheemse **blanke** groep ten spyte van sy Westerse agtergrond", volgens die skrywers, mnre. Fismer, Niemandt en Rousseau, al drie van UP.

Die studiestuk stel verder dat die Afrikaner se taak afsonderlike ontwikkeling en die opheffing van ander volksgroepe is. Benewens die Afrikaner word die ander volkere in SA se identiteit ook bespreek: die swart volkere, bruinmense, Indiers, stedelike swartes en Engelse word bespreek.

Suid-Afrikanerskap word as 'n nuwe identiteit betwyfel: goeie Afrikanerskap impliseer goeie Suid-Afrikanerskap. Die studiestuk sê ook dat dit toenemend belangrik word om te konsentreer op die gemeenskaplike lojaliteite en eienskappe van die verskillende identiteite, om dit uit te bou en uit te buit tot voordeel van SuidAfrika.

# Disaffilieer

**Sowat** 1 300 studente het van die ASB gedisaffilieer op die elf kampusse waar die studenterade namens die studente affilieer. Volgens die verskillende SR-voorsitters wat op die kampus van UPE 'n ASB-hoofbestuursvergadering gehou het, het meer as 600 studente van UP-binnemuurs, meer as 200 van die PU en ongeveer 360 studente van UOVS gedisaffilieer.

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

P81/7/74

AANSOEK OM DIE PLASING VAN 'N BERIG

Geagte Liewe Meneer
Die Advokaat-Genl.
Posbus 1004
PRETORIA
0002

U EDELE
Met NEDERIGHEID DOEN (Naam van die lyfblad)

..............................................................................................

aansoek om die plasing van 'n berig (titel) ............................
(Skrywer meld naam, van, ID, vorige oortredings tot dae in eensame opsluiting en status)

..............................................................................................

Die berig bevat geen verwysing, in enige aard na enige wanpraktyk (indien enige) in of om die staatsdiens nie. Hierdie aansoek is die (getal vir die jaar) ........................

van..................... (Lyfblad). Tot datum is (getal) ......................

afgekeur en (getal) ............ joernaliste van (Lyfblad)............. geïnterneer.

(Heg volledige berig met kruisverwysings aan. Geen spelde, kramme of skuifknippe nie).

Hoogagtend
U DIENSWILLIGE KNEG IN AFWAGTING

NAAM: ..............................................................................

TITEL ...............................................................................

PRISONIERSNOMMER ...............................

# Uit die Woord

"Nederigheid gaan die eer vooraf." Spr. 15 : 33. Want die wat My eer; maar dié wat my verag, sal veragtelik wees." 1 Sam. 2.30.

Wat vul ons lewe? Die behoefte om deur mense erken en geeer te word? Kan ons net gelukkig wees as ons in 'n wierookwolk van hulde staan? Dan is ons besig om valse eer te soek. Niemand van ons kan sê dat ons hierdie sonde nie in ons lewe ken, nie. Tog maak dit 'n groot verskil of dit vir ons al werklik sonde geword het, of nie. Dit is egter moontlik dat dit ons nog glad nie eens hinder nie.


Dit kan ook wees dat ons nog iets anders van ons lewe ook kan sê. Ja, tot ons laaste stonde sal ons hierdie soeke na valse eer moet bely; maar daarteenoor staan die blye ervaring van die mag van die nuwe mens in ons lewe. Die nuwe mens soek iets anders: die eer van God. Die oue mens stel ons eer voorop- en lei tot 'n gewisse val. Vir die nuwe mens gaan die ootmoed egter voorop. En die verrassing is dat God ons dan tog eer gee as 'n genadige beloning. Ootmoed gaan eer vooraf. Ons hoef ons dus nooit af te sloof vir ons eie eer nie. Ons roeping is net om ootmoedig te wees.

Iemand wat van genade leef, dink nie baie van homself nie. Hy ken homself nie as die mens wat dit vêr gebring het nie, maar as die mens wat in Gods oog 'n sondaar is. Die belangrikste ding wat ons van ons self kan sê, is nie: ek is 'n ywerige werker, 'n getroue amptenaar, 'n knap professor, 'n flinke huisvrou nie? maar: ek is 'n sondaar. Wie dit besef, is ootmoedig en eer Gods genade in Christus as die bron van alles wat hy is en het, ken en weet. God sal Homself op Sy tyd en wyse in ons lewe verheerlik-en dan leef ons in die gloed van sy eer.

Laat ons dus ophou om ons langer druk te maak oor ons eie eer. Dit is bevrydend en reinigend om God se eer te soek. Die seuns van Eli was priesters. Dit was hulle roeping om God se eer te bevorder. Maar vir hulle het dit 'n beroep geword, waaruit hulle voordeel gesoek het. Hulle het geen ootmoed geken nie, omdat hulle nie die genade geken het nie. En hulle val was groot. Eli moes die vreeslike oordeel oor sy huis aanhoor: "Die wat My verag, sal veragtelik wees." Die seuns van Eli het die Here gering geag en net aan hulleself gedink. Vandaar al die gruwels in die heiligdom. Eie eer en voordeel soek, is 'n bron van sonde. Maar die omgekeerde is ook waar: "Wie My eer, sal Ek eer," Dit kan lank duur voordat Hy ons eer. Maar dit sal gebeur, want Hy het die tyd in Sy hande.

Lees Sam. 2:27-33.






## ASBOM bring in gemors

Geagte Redakteur

'n Tyd gelede het die ASBOM verskyn. Die inhoud het gegaan oor "Magersfontein, O Magersfontein!"

In die eerste paar paragrawe gaan dit om die groei van ons taal, ons moedertaal.

Voorwaar, die tyd het nie stilgestaan nie. Ons taal en die mense wat hom besig het gegroei. Die "fris jong letterkunde" doen sy ding in 'n "fris jong Afrikaans". Ek beskou fris hier as sinoniem vir "vars" of "nuwe". In Magersfontein is dit egter of dit 'n "fris" afkeurenswaardige reaksie gekry het.

Die skrywer van die pamflet gaan van 'n erg liberale standpunt uit, naamlik: Dat 'n kunstenaar as kunstenaar nie kan sondig nie. Hý mag dan die naam van God ydelik gebruik en vloek en allerhande perverse dinge kwytraak. Hy is mos ook "skepper". Boek die werklikheid dan sogenaamd uit.

Wat is werklikheid? Dit kan myns insiens saamgevat word in: Skepping, sondeval, verlossing. Die skrywer bring ons net in die lae, duistere dieptes van die sondeval uit. Hy hef nie 'n poging aan (indien wél : 'n floue) om die leser weer op te hef uit die gemors van gedagtes waarin hy hom gelaat het nie.

Ek dink dat dit algemene kennis is dat 'n mens wat elke dag negatiewe kritiek oor 'n saak of ding hoor of net die slegte sy sien van 'n saak, self negatief ingestel sal word ten opsigte van die spesifieke saak. Kan ons nie die meeste negatiewe kant vir die pers los nie. Kuns moet mos ophef, verhoog en nie in die aarde neer mors nie?

Behalwe dit: Die verweer dat die naam van God so baie voorkom as 'n "noodkreet" tot God in die boek gaan nie op nie. Mens kreet nie noodkrete op die manier tot God nie. Jy bid tot God! Dit is 'n blatante verloëning van God wat heilig en almagtig is. Staan daar nie dat as mens reg tot God bid, dat Hy sal gee op sy manier en op sy tyd nie? En ook: soek eers die Koninkryk en alles sal vir julle bygevoeg word?

Nog duideliker. Almal en alles staan onder die gesag van God. God heers oor elke denkbare lewensuiting van watter aard ookal. Nou wil die kunstenaar as nietige mensie hom teen God stel?

Die vraag is dus nie of ons moedertaal vermoor word nie. Die vraag is of ons nie die Heilige Gees bedroef as ons sulke dinge as "fris jong letterkunde" laat deurgaan nie.

**AWIE VERHOEF**

# DANS – KEN DIE BOOM

Die Redakteur

Ons beskou ons as Calviniste en dit is dus goed om na Calvyn se standpunt oor dans te kyk, nl. dat: "dans slegs 'n inleiding kan wees tot hoerery en dat dit dien om vir mekaar klaarblyklik die deur vir Satan te open en te roep dat hy kom en stoutmoedig binnetree. Dit sal dans altyd meebring. As iemand sê: ek het geen bose hartstogte nie, dan maak hy God tot leuenaar." Dans kom in die Bybel voor in sowel negatiewe as positiewe sin.

Die verskil egter tussen die Bybelse en moderne dans is naamlik dat eersgenoemde binne 'n sekere raamwerk staan naamlik as vreugde voor die Here. Daarby was dit ook meer solo as paardanse, meer godsdienstig as ekstaties en seksueel.

Die Bybel is nie teen seksualiteit, plesier, spel of ontspanning nie, maar plaas dit binne die raamwerk van Gods Koninkryk. Die Bybel waarsku egter pertinent teen die misbruik van die gawes van God.

Dans vir getroudes is beslis afkeurenswaardig. Christelik getroude mans sal nooit 'n ander vrou as sy eie uit neem nie, want huwelikstrou verhinder dit. Op die dansbaan egter (en dit nogal in die openbaar) verkeer hy/sy egter intiem met 'n ander man of vrou. As dit dus beweer word dat 75% van alle egskeidings hul oorsprong op die dansbaan het, dan moet die vraag gestel word of hierdie boom nie aan sy vrugte geken behoort te word nie.

Dans opsigself geneem as beweging van ledemate kan nie sonde wees nie. Daar is egter geen chistelike sedeleer wat nie op die menigvuldige gevare van dans wys nie. 'n Gelowige moet nie probeer om op die buitenste kringetjie van ordentlikheid te wandel nie. In dans sit daar 'n morele gevaar. "Dit is 'n prikkel tot buitensporigheid". Ons moet geen ding vir ons plesier gaan doen waarby ons en die ander voortdurend op ons hoede moet wees vir ontsporing nie. Ons stryd is teen die bose geeste in die lug en hulle sal beslis elke dansparty bywoon al is dit op 'n christelike kampus!

Die vrugte van die dansparty spot met alle reinheid en sedelikheid. 'n Baie groot persentasie van die buite-egtelike kindertjies wat gebore word, is die vrug juis van 'n dansparty. Die boom wat die slegte vrugte dra moet uit jou lewe gekap word en van ons christelike kampus geweer word.

'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Daarom het ek nie die minste twyfel daaroor dat 'n Christen nooit op 'n dansbaan (op die kampus of daar af) gesien mag word nie!

**HENK STOKER**
**(Brief verkort – Red.)**

## Letters verwoes

Dear Editor

""/@ -&'()%
QWERTYUIOP'
ASDFGHJKL:
ZXCVBN?. D
23456789- =
qwertyuiop'
asdfghjkl;:
zxcvbnm,.'n

Have you ever thought that a specific combination of these few signs can lead to the total destruction of mankind.

Yours faithfully

**Frightened by the thought**

## Ruim struikelblokke uit weg

Die Redakteur

Dit gaan nie bloot net om die ritmiese bewegings wat in die Bybel ook as dans bestempel word nie. Dit was godsdienstige handelinge as vreugde tot Gods eer.

Dit gaan om die ritmiese bewegings van twee liggame van die teenoorgestelde geslag suggestief op mekaar gerig (los of vas), en die liggaamshouding van man en vrou buite die huwelik in nabye omhelsing met intieme lokking en samespel.

Die musiek, ritme, atmosfeer het suggestiewe drakrag. Hoort dit nie eerder tuis tussen man en vrou in privaatheid nie?

Nog, dans self, seksualiteit, of liefdespel is sondig. As gevolg van die sonde leef ons in 'n gebroke werklikheid en moet teen die sonde stry en elke handeling van die mens is ten diepste gebore uit een van die twee nature.

Dit gaan nie oor die dans as dans op sigself maar wat daarmee saamgaan. Elke danstipe moet op meriete geoordeel word. Daar is verskil in sober dans bv. 'n Skoolsaal of sitkamer teenoor die danssaal met opruiende musiek, oormatige drank en met suggestiewe kleredrag.

Ons besef ontspanningsvorme is skaars, maar as christenmense moet ons alles uit die weg probeer ruim wat 'n struikelblok vir ander kan wees, 'n grens stel tussen die wêreld en God se Koninkryk.

Anders is ons christennaam 'n bespotting.

**P.J. VERMEULEN**
**(Brief verkort – Red.)**

# Redaksie oor Magersfontein

Geagte Redakteur

'n Hele klompie eeue gelede het Cicero, die Latynse skrywer geskok "O, die tye, O die sedes" uitgeroep, toe hy tydens 'n toespraak die dade van 'n rebelse burger, Catalina veroordeel het.

Ek kon myself nie keer om hierdie woorde nog aktueel te vind toe 'n vlugskrif met die naam "Word ons moedertaal vermoor?" onlangs onder my aandag gekom het nie.

Dit was 'n vlugskrif wat onder die naam ASBOM (asdrom) verskyn het, oor die omstrede werk van die Afrikaanse skrywer Etienne Leroux se boek **Magersfontein, O Magersfontein!** en die invloed wat dit op die Afrikaanse Taal het. Hier word die geleentheid van 'n Puk-SR-lid om uiteindelik 'n christelike standpunt hieroor die studentelewe in te stuur duidelik in die water gegooi (doelbewus).

Die geagte SR-lid wil hê ons moet juig en feesvier oor wat hy noem: "Die skaarse skat van ons eie taal", "Die ontgroeiing van ons kinderskoene"; en verder die feit dat ons nie meer hoef terug te staan vir die woordekuns van Europa nie.

Dalk is dit waar dat hy taalnorme op taal toepas? Dalk besef hy nie dat die verspotte kultuur van die hedendaagse Europese "woordekuns" nie vir ons 'n maatstaf behoort te wees nie. Dalk sou dit baie beter gewees het as hy na die Bybel gegaan het om 'n maatstaf vir sy waardering te vind.

Dalk sou daar dan ten minste die besef by die geagte SR-lid opgekom het van hoe verderwend so 'n boek en die goedprate daarvan vir 'n studentegemeenskap en die volk wat dit lees, kan wees. Sekerlik sou hy dan besef het dat dit 'n Godslasterlike boek is. Sekerlik sou sy vlugskrif daar anders uitgesien het of gaan hy van die tipies modern-Europese standpunt uit (aangesien sy ideaal tog blykbaar in Europa geleë is) dat God vir die mens nie meer 'n waarde het nie.

**WIM VERGEER**
**(Brief verkort – Red.)**

# UIT NO. 13

## Skoen aan te trek

Geagte Redakteur

Ek verwys na die brief "Skrif gefundeerde besware teen dans" van Magdel van der Walt in Die Wapad van 18 Mei.

In haar brief staan o.a. "Satan loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind!"

Sy sal my verskoon as ek haar brief aanhaal, maar dié betrokke sin pas in by wat ek wil sê.

Volgens my beskeie mening kan 'n mens **soms** hier op die PU "Satan" vervang met "Skynheiligheid"

En ek wil dit **baie pertinent** stel dat hierdie skoen aan te trekke is vir wie dit pas.

**Die Uwe**
**C.F. Schoeman**

## Nederige versoek

Geagte Redakteur

Ek glo nie u sal dié briefie van my plaas nie, maar in elk geval; hier is dit.

Ek verwys na my brief "Smaakloos is geldloos" in Die Wapad van 18 Mei. By die brief staan (Brief effens gewysig en verkort – Red.) U sien, as ek 'n brief skryf stel ek dit so saam dat dit **nié** gewysig en verkort kan word nie. Ek wil nie dat die brief verkeerd geïnterpreteer word en/of sê wat dit nie wil sê nie.

Mag ek u dan in alle nederigheid versoek om my brief volledig en onveranderd te plaas of anders glad nie te plaas nie.

**Die uwe**
**C.F. Schoeman**

(Jammer, mnr. Schoeman, maar 'n redakteur het die reg om 'n brief te wysig as dit nodig is – en dit was! **– Red.)**

# Christenskap bevraagteken

Geagte Redakteur

Na aanleiding van die massavergadring van 21 Mei 1979 en meer spesifiek die bespreking van die dansmosie, net die volgende:

Mnr. Eloff het versoek dat alle nie-christene die saal moet verlaat. Niemand het geloop nie. Met ander woorde almal in die saal was Christene. Nou was dit net vir my snaaks dat as 'n persoon dit sou waag om 'n standpunt teen dans in te neem, dan is so 'n persoon uitgejou en allerlei afkeurenswaardige geluide is gehoor. Is dit hoe Christene optree? Is dit die reaksie van 'n Christen op die mening van 'n mede-christen, hoe verkeerd sy mening nou ook al kon gewees het?

Nou is dit ook vir my snaaks dat briewe soos dié van Magdel van der Walt ("Skrifgefundeerde besware teen dans" – Wapad 18 Mei 1979) nooit beantwoord word vanuit dansgeledere nie. Maar as daar briewe geplaas word wat die dansers aanval op grond van moontlike seksuele luste, dan is die reaksie oorweldigend! Want dan word sekeres se "Christenskap" mos nou beledig!

Mede-christene, laat ons dit erns maak met ons Christenskap. Laat ons na die wil van God vra deur gebed, want voorwaar, God se oordeel is hard oor die wat hulle eie wil en begeertes bo sy wil stel.

"Maar nou, omdat jy lou is, en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug." Openbaring 3 : 16

**Hansie Vermeulen**

# Vrae oor Karnaval

Die Redakteur

Dit is al 'n ruk na Karnaval, maar ek wil nogtans 'n paar dinge daaroor sê.

Laat ons kyk wat het Karnaval '79 ons in die sak gebring (nie letterlik nie!):

Behalwe vir die gepaardgaande drankmisbruik, en daarmee saam; bakleiery, vandalisme, onsedelikheid en ander voorvalle wat onaangenaam was, soos mans in dameskoshuise, en anders om, was dit ook 'n groot geld mors, en 'n klad op die PU se naam.

Alles kom neer op een ding: afbreek. Ook nie net die stoflike of materiële nie, maar ook die geestelike.

Wat baie keer as iets onskuldigs, prettigs en in die "Karnavalgees" ontstaan het, het ontaard tot iets wat vir die res van sy lewe, op 'n student se naam, reputasie of gewete, soos 'n groot swart kol sit.

"Ja" – sal u sê: "Dit is net die negatiewe kant van Karnaval. Daar is só baie wat ook positief is daaraan. Kyk byvoorbeeld na die koshuisgees (en universiteitsgees) wat opgebou word. En wat van die hupstoot wat aksie Pukmiljoen gekry het. Dit is darem ook 'n keer in die jaar wat die "dooie" Potchefstroom 'n bietjie "lewe kry". Dis tog net eenmaal 'n jaar, gun ons dit! Dit is ook tog net 'n klein groepie studente wat hulleself bietjie te buite gaan . . ."

Dan kyk ons net na die volgende: is dit die moeite werd om Karnaval te hou as daar elke keer, selfs net één siel verlore gaan?

'n Skokkende getal studente val in die modder van seks, tydens Karnaval. Is dit dan ongeregverdig as daar spottenderwys deur die publiek of ander universiteite gepraat word oor die groot aantal "karnavalbabas" wat gebore word?

Kom ons kyk bietjie na die Karnavalsette: Is dit reklame vir CHO om 'n toring van bierblikke te bou, en dié foto dan met 'n ondubbelsinnige byskrif in 'n koerant te laat verskyn? Of, om 'n mansstudent en damesstudent van die PU in 'n dubbelbed op 'n foto in 'n koerant te laat verskyn? Dit is maar 'n paar van die sette wat ons, ons eie universiteit se naam mee weggooi!

Dus: kan ons nie die Karnaval òf heeltemal afstel nie, òf dit bv. net ná die eerste vakansie maak nie, maar dan met volkome beheer en toesig van verantwoordelike persone nie?

Karnaval sou ook waarlik 'n sukses en fees kon wees, as ons elkeen ons soos 'n WARE PUK sou kon gedra het! "In U lig".

**DANIE DU TOIT**

(Die geld van karnaval word nie in Aksie-Pukmiljoen gepomp nie. **Brief verkort – Red.)**

## Toesig deur SR betwyfel

Geagte Redakteur

Tien uit tien vir die brief van M. van der Walt oor dans! Die (Wapad 18 Mei '79)

Waar het mens nou al ooit gehoor van dans onder skerp ligte met "streng" toesig oor kleredrag, drank en dergelike? Dit is nou net die stok waarmee die dansers die SR volgende keer gaan karnuffel.

Verder: Die toelaat van dans op die kampus om dansers op ander obskure plekke weg te hou gaan nie op nie. Hoe kan mens iets slegs met iets twyfelagtigs beoog? As 'n mens sonde wil oorwin moet dit radikaal wees. Mens straf tog nie 'n persoon omdat hy tien rand gesteel het en sê dat hy nou net een rand mag steel nie?

Dit gaan tog om die "moontlik omringende sondes" en nie die "hoevéél moontlike omringende sondes" nie!

Ek is bly dat daar nog mense op die SR is wat nie die mosie steun nie. Sterkte aan hulle.

**AWIE VERHOEF**

## Gee dans 'n kans

Meneer

Ek beskuldig summier elkeen wat vaskyk teen die "moontlike omringende sondes rondom dans"-klousule en die motiveringsdeel van die dansmosie deur die SSR aanvaar, van **STIKSIENIGHEID.** Wat sulke mense die PUKKE blykbaar nie wil gun nie, is 'n beplande wyse om jou mede grootmense informeel te ontmoet en te leer ken.

En hier het ons pas die grootste leemte in die studentelewe ontbloot? beplande kontakgeleenthede. Ek kan u verseker dat min dinge so "kitch" voel as om 'n wildvreemde meisie (op die oog af aanvaarbaar) te storm op die kampus en jouself vir koffie te nooi, welwetende dat dit dalk jou enigste kans op 'n ontmoeting kan wees. En netso wil ons stiksiende broeders graag hê ons damestalent moet tevrede wees met 'n vriendekring van klasmaats en 'n wildvreemde "voordeur asseblief" afspraak.

Die "mogge treffe dan trou" benadering is al lank reeds uitgesterf.

Kom nou "anti-alles" mensies en gee dans 'n kans. Of vertrou julle nie julle SSR sover as om te kan ingryp as julle doemprofesië oor hierdie kultuursaak bewaarheid (sic) word nie.

**P.R.O.**

